Voorskrif
op
Voorskrif

# *Rigters*

Verdryf Jou Vyande

# RIGTERS
VOORSKRIF OP VOORSKRIF

A translation of the book:
JUDGES
Published by Precept Ministries International
© 2008 Precept Ministries International
9th Edition

© 2009 Precept Ministries SA. Alle regte voorbehou. Hierdie materiaal word gepubliseer deur, en is die alleenbesit van, Precept Ministries of Reach Out, Inc. of Chattanooga, Tennessee. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingberging-stelsel.

Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

1ste druk, 4de Uitgawe (200)
4.1
Gedruk in Suid-Afrika
Maart 2011

Gedruk deur:
**Precept Ministries (SA)**
**Posbus 539**
**HOWARD PLACE**
**7450**
**SUID-AFRIKA**
**www.precept.org.za**
**Tel./Faks +27 (0)21 531 1836**

# INHOUD

## LESSE

| | | | |
|---|---|---|---|
| BLADSY | 1 | LES EEN | **Hoofstuk 1, 2, 17-21** |
| BLADSY | 15 | LES TWEE | **Hoofstuk 3** |
| BLADSY | 25 | LES DRIE | **Hoofstuk 4-5** |
| BLADSY | 37 | LES VIER | **Hoofstuk 6-8** |
| BLADSY | 49 | LES VYF | **Hoofstuk 9-12** |
| BLADSY | 63 | LES SES | **Hoofstuk 13-16** |
| BLADSY | 77 | LES SEWE | **Hoofstuk 17-21** |

## BYLAE

| | | |
|---|---|---|
| BLADSY | 93 | **Waarnemingswerkblaaie** |
| BLADSY | 175 | **Rigters Oorsigwerkblad** |
| BLADSY | 177 | **Kaart: Plekke in Rigters Hoofstuk 1-3** |
| BLADSY | 179 | **Die Rigters van Israel** |
| BLADSY | 183 | **My Indrukke oor Leierskap** |
| BLADSY | 187 | **Omtrent Precept Ministries** |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY
**How to Study Your Bible**
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 1994.*

**Hebreeuse Woordstudiehulpmiddels**
*Die volgende is 'n lys van nuttige Hebreeuse Woordstudiehulpmiddels:*

HARRIS, R. LAIRD; ARCHER, GLEASON, L. JR; WALTKE, BRUCE K.
**Theological Wordbook of the Old Testament**
*Chicago, Illinois, Moody Press, 1980.*

RICHARDS, LAWRENCE, O.
**Expository Dictionary of Bible Words**
*Grand Rapids, Michigan, Zondervan Publishing House, 1985.*

VINE, W.E.; UNGER, MERRILL F AND WHITE, WILLIAM, JR.
**Vine's Complete Expository Dictionary of Old and New Testament Words**
*Nashville, Tennessee, Thomas Nelson Publishers, 1985.*

## NUTTIGE KOMMENTARE

EDERSHEIM, ALFRED
**Old Testament Bible History**
*Grand Rapids, Michican, William B Eerdman's Publishing Company, 1984*

GAEBELEIN, FRANK E. Red.
**The Expositor's Bible Commentary: Vol.3**
*Grand Rapids, Michigan, Zondervan Publishing House, 1992*

INRIG, GARY
**Hearts of Iron, Feet of Clay**
*Chicago, Illinois, Moody Press, 1979*

LEWIS, ARTHUR H.
**Everyman's Bible Commentary: Judges and Ruth**
*Chicago, Illinois, Moody Press, 1979*

WIERSBE, WARREN W.
**Be Available**
*Colorado Springs, Colorado, Chariot Victor Publishers, 1994*

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS (vervolg)

## AANBEVOLE SAGTEWARE

### Logos Bybelsagteware

Kragtige soekenjins met tot 4,000 elektroniese studiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse ensiklopedieë, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding - ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse teks. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept Ministries SA*
*Posbus 539*
*Howard Place, 7450, Suid-Afrika*



# Les Een

## Hoofstuk Een, Twee, Sewentien tot Een en Twintig

**Hierdie Les Sluit In**

Waarnemingswerkblaaie van Rigters 1, 2, 17–21, in Bylae
Kaart: Plekke in Rigters 1 – 3
Rigters Oorsigwerkblad

**Rigters is 'n boek wat selde bestudeer of onderrig word, tog is dit uiters toepaslik vir die tye waarin ons leef. Dit is 'n boek wat demonstreer hoe duisternis en slawerny 'n volk of persoon te beurt val wanneer hulle wegdraai van die Woord van God en volgens húl idees van God leef, deur eenvoudig te doen wat reg is in hul eie oë.**

**Aangesien Rigters ons samelewing en ons tyd so angswekkend aanspreek, wil ons graag, aan die begin van hierdie studie, die voorreg hê om vir jou en saam met jou te bid.**

*O Vader, wanneer ons nou hierdie studie begin, wat kan dien as vertrekpunt na 'n meer betekenisvolle lewe, vra ons U om ons te help om na ons lewens op 'n nuwe manier te kyk, asook die toestand van ons volk en die wêreld. Laat ons onsself sien soos U ons sien, sodat ons herlewing in ons lewens sal ervaar en dat ons vernuwe en begeesterd sal wees in ons diens aan U.*

*Terwyl ons sien dat U doodgewone manne en vroue gebruik om betekenisvolle take te verrig in die werk van u koninkryk, bid ons dat U ons sal gebruik om u volk te verlos van die duisternis, wat ons omvou wanneer ons nie deur u Woord verlig word nie.*

© 2011 Precept Ministries International

*Maak ons bewus van Satan se metodes en oogmerke, sodat dit ons op geen manier van ons studies sal weerhou nie. Bewaar ons van moedverloor, ontmoediging en uitputting. As ons in staat is om slegs een opdrag per dag uit te voer en dit al is wat ons in 'n week gedoen kry, laat ons besef dat dit steeds meer is as om niks te doen nie. Laat ons onsself ter wille van die godsvrug dissiplineer, te midde van ongedissiplineerde mense. Mag ons verstaan dat grootheid nooit bereik, of drome nooit waar word, sonder streng dissipline en konflik nie, maar dat die beloning, die tevredenheid as gevolg van volharding, alles werd is mits ons dit doen asof vir U, ons Here en ons God.*

*Dankie vir die versekering dat, as dit waarlik ons gebed is, dit beantwoord sal word, want ons weet dat dit in u Naam gevra kan word en omdat dit volgens u wil is, soos geopenbaar in u Woord.*

*Hou altyd vir ons die waarheid van Johannes 15:16 voor oë, sodat ons nooit sal vergeet dat U ons uitverkies en aangestel het om vrug te dra nie. Dankie vir u belofte dat, wat ons ook al in u Naam vra, U sal doen.*

*Ons het U lief, Vader en ons vra dit in die Naam van die Een wat aan u regterhand sit en vir ons intree.*

*Amen*

## DAG EEN

Onverskilligheid, ongeloof, halfhartige gehoorsaamheid—waartoe gee dit aanleiding? Wat is die prys wat ons daarvoor betaal? Is dit die moeite werd?

Ons oogmerk hierdie week is om 'n gevoel te kry vir die tydperk van die rigters, die 340 tot 360 jaar wat op die oorwinnings van Josua gevolg het. Die historiese en morele agtergrond van hierdie donker tyd in die geskiedenis van Israel, tesame met die oorsake van die duisternis, word vir ons beskryf in die aanvangs- en slothoofstukke van die boek. Dit is dus waarop ons nou ons aandag gaan vestig.

Indien jy op enige stadium van jou studie hulp nodig het, skakel jou Precept-leier en vra hom of haar om te help, of om jou te verwys na iemand anders in die klas wat kan help.

1. Rigters 1 is vir jou in die Bylae gedruk. Lees dit ononderbroke deur. Wees op die uitkyk vir 'n sleutelfrase wat 'n paar maal van 1:21 tot aan die einde van die hoofstuk herhaal word.


© 2011 Precept Ministries International

2. Lees weer Rigters 1 en neem die teks waar deur die instruksies vanaf **a** tot **d** hieronder te volg. Wanneer ons stadiger werk en 'n hoofstuk sorgvuldiger waarneem, praat ons van 'n **hoofstukstudie**.

    a. Merk al die verwysings na tyd of volgorde van gebeure met 'n groen horlosie soos dié: 

    b. Onderstreep alle verwysings na geografiese plekke, soos stede, met 'n dubbele groen lyn.

    c. Wanneer jy enige vers teëkom wat jou 'n aanduiding sou gee van die historiese agtergrond van hierdie boek, maak 'n sterretjie langs die nommer van die vers.

    d. Wanneer jy die herhaalde sleutelfrase ontdek, onderstreep of kleur dit in en skryf dit hieronder neer.

*© 2011 Precept Ministries International*

3. Wie ook al die historiese verslag van Rigters 1, onder die leiding van God se Gees geskryf het, wou hê dat die leser twee dinge moes verstaan: Eerstens, wie die stamme van Israel was wat versuim het om hul vyande uit die land, wat God aan hulle gegee het, uit te dryf, en tweedens, wie die vyande of volke was vir wie Israel nie uitgeroei het nie. Om te verseker dat jy in staat sal wees om hierdie inligting byderhand te hou, vul die tabel hieronder in

| Naam van die Stam | Bevolkingsgroep wat hulle nie uitgedryf het nie | Stede wat deur daardie bevolkingsgroepe beset is |
|---|---|---|
| | | |


© 2011 Precept Ministries International

4. Gebruik die kaart Plekke in Rigters 1 - 3 in die Bylae om, indien moontlik, die stede te vind wat jy met 'n dubbele groen lyn onderstreep het toe jy al die geografiese plekke gemerk het. Geografie is baie belangrik wanneer jy die Woord van God bestudeer.

## Dag Twee

1. Die herhaalde sleutelfrase in Rigters 1 het ons aandag gevestig op die feit dat die kinders van Israel nie die inwoners van Kanaän uitgedryf het nie, maar van hulle dwangarbeiders gemaak het. Vergelyk hierdie optrede met die volgende Skrifgedeeltes. Let op wat jy aangaande die inwoners van die land leer en wat God Israel beveel het om omtrent hulle te doen. Onthou dat Kanaän die land is wat God, deur Isak en Jakob, as 'n ewige besitting aan die nageslag van Abraham beloof het.

   a. Exodus 23:31-33

   b. Deuteronómium 7:1-2, 16, 22

   c. Josua 23:1-13. Lys jou insigte en let op wie aan die woord is, wanneer hy praat en op watter stadium van sy lewe. Neem kennis van sy instruksies en waarskuwings.

© 2011 Precept Ministries International

2. Onthou nou wat jy op hierdie bladsye en in Rigters 1 waargeneem het? Wat sê dit vir jou omtrent die tye en die omstandighede in die dae van die rigters?

3. Wat doen Josua in Josua 23? Is dit nie so dat hy, as ou man, die volk Israel herinner aan wat God deur Moses aan hulle gesê het nie—dat hy hulle vermaan om te luister en in gehoorsaamheid te wandel nie?

   Het enigiemand, jou ouers, jou grootouers of iemand na aan jou, al ooit so met jou gedoen—jou gewaarsku om 'n sekere pad te vermy en aan jou gesê wat sou gebeur as jy daardie pad kies? Was hulle reg? Het jy geluister of het jy jou vererg vir hulle inmengery? Het jy gedink jy weet beter as hulle? Het jy hulle raad, hul ouderdom verag—wrewelig gewees oor hul woorde? Wat het toe gebeur? Skryf dit neer.

4. Is daar enige lesse hierin wat jy op jou lewe kan toepas—wat jy met ander kan deel? Skryf dit neer.


*© 2011 Precept Ministries International*

## DAG DRIE

1. Lees Rigters 2 vinnig deur, om jou van die inhoud van die hoofstuk te vergewis. Sekere woorde wat dwarsdeur die hoofstuk herhaal word, mag jou aandag trek —hulle word sleutelwoorde genoem.

Sleutelwoorde is belangrike woorde wat die skrywer dwarsdeur 'n hoofstuk, Skrifgedeelte of volledige boek gebruik. Hulle help om die betekenis van die teks te ontsluit. Deur hulle met kleure of simbole op 'n kenmerkende manier te merk, help dit jou om te sien wanneer en hoe dikwels hulle gebruik word.

Dit is nuttig om hierdie belangrike woorde, op wat ons 'n Sleutelwoord Boekmerk noem, te lys en te merk, soos wat jy dwarsdeur die boek of die Bybel sou doen. Gebruik 'n indekskaartjie hiervoor.

Hieronder volg sleutelwoorde wat jy op jou Sleutelwoord Boekmerk kan lys en dwarsdeur Rigters moet merk:

a. Spesifieke verwysings na die land *Kanaän* soos dit deur God aan Abraham, Isak, Jakob (Israel) en sy twaalf seuns gegee is. 'n Voorstel vir die merk daarvan is om dit blou in te kleur of om dit met 'n dubbele groen lyn te onderstreep.

   Indien jy enige van die *Voorskrif op Voorskrif*- kursusse van die eerste ses boeke van die Bybel gedoen het, sou jy alreeds spesifieke verwysings na *die land* wat aan Abraham, Isak, Jakob en hulle nageslag beloof is, gemerk het. Merk dit dwarsdeur jou studie van die Ou Testament op dieselfde manier.

b. Die frase *die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here* en die sinonieme frase *hulle (het) nog erger as hulle vaders gehandel.* Verwysings na *verkeerd doen* is 'n baie belangrike frase, waarvan jy moet kennis neem en wat jy noukeurig dwarsdeur Rigters moet merk.

c. Die volgende sleutelwoorde, saam met hul voornaamwoorde: *rigters, toorn, volke, gesterwe, dood*, en *op die proef stel.*

d. Verwysings na *verkeerd doen in die oë van die Here.*

e. *Verbond*—Wanneer jy ook al die woord *verbond* in jou Bybel sien, moet jy dit merk. Die rede daarvoor is tweeledig: Eerstens, omdat alles wat God doen, op verbond gegrond is en tweedens, omdat God die Soewereine Admini-

© 2011 Precept Ministries International

strateur van alle verbonde is. Indien jy die Tora (Pentateug, eerste vyf boeke van die Bybel) en die boek Josua bestudeer het, sal jy alreeds die belangrikheid van hierdie woord besef.

f. Verwysings na tyd en geografiese plekke, soos jy in Rigters 1 gedoen het.

2. Lees weer Rigters 2 en merk hierdie keer die sleutelwoorde op jou Sleutelwoord Boekmerk. Maak ook 'n sterretjie langs enige vers in hierdie hoofstuk wat lig sal werp op die konteks in soverre dit die tyd en die mense van die gebeure in Rigters 1 en 2 aanbetref.

3. Raadpleeg die kaart Plekke in Rigters 1-3, sodat jy kan sien waar Gilgal en Bogim geleë is. Het jy gesien waarom hulle die plek Bogim genoem het? Die teks sê dit vir jou in vers 4 en 5. Skryf dit uit.

a. Hoe volledig gehoorsaam is jy aan die Woord van God?

b. Is daar spesifieke areas waarin jy die Here ongehoorsaam was, toe jy geweet het wat wat reg was om te doen, maar dit nie gedoen het nie? Lys dit in die volgende tabel in die linkerhandse kolom en skryf daarnaas wat die gevolg was. Moenie huiwer om dit neer te skryf nie. Niemand anders het nodig om dit te lees nie.

So 'n oefening kan 'n keerpunt in jou lewe teweegbring en jou van nederlaag tot oorwinning lei oor 'n hardnekkige sonde, iets waarmee jy gedink het dat jy die res van jou lewe sal moet saamleef.


*© 2011 Precept Ministries International*

| Wat ek moes gedoen het, maar nie gedoen het nie | Wat die gevolg was |
|---|---|
| | |

Besef jy, geliefde, dat die hoofoorsaak van ons mislukking ons verdraagsaamheid teenoor gedeeltelike gehoorsaamheid aan die Woord van God is? Wanneer ons nie daarin slaag om die vyand geheel en al te verdryf nie, word "daardie sonde" 'n lat wat ons vir onsself gepluk het en 'n doring in die vlees. Dié sonde word 'n marteling, onverbiddelik en hardnekkig, totdat ons ons neerbuig en tot God uitroep vir bevryding, om dan op te staan en in gehoorsaamheid te wandel—vasbeslote om geen plek in ons lewe meer aan die vyand te gee nie.

Die oorwinning is joune as beloning vir gehoorsaamheid, net soos dit in die dae van Israel was, want God is 'n barmhartige God vol genade—genade wat oorwinning waarborg.

© 2011 Precept Ministries International

c. Neem jou lys en bely jou ongehoorsaamheid aan God, sê dat jy jammer is en erken dat dit as sonde is. Vra Hom dan om jou te bevry van enige mag wat jy aan die vyand gegee het oor jou lewe, as gevolg van jou ongehoorsaamheid. Vra Hom om jou volkome met sy Gees te vul en belowe Hom dat jy die versoeking van die vyand sal weerstaan en sal wandel in die krag van die Heilige Gees—oomblik vir oomblik.

*Wel. geliefde, jy het goed begin. In Bybelstudie is daar niks belangriker nie as om die teks waar te neem, te ontdek wat dit sê en dan te besluit dat jy dit sal glo en dienooreenkomstig sal handel.*

*Akkurate, sorgvuldige waarneming is die grondslag van suiwer interpretasie en toepassing. Jy word hoog aangeskryf omdat jy jouself dissiplineer om voort te gaan na "vaste spyse". Dit behoort aan hulle wat hul sintuie inspan sodat hulle kan onderskei tussen die ware en die valse. Dankie.*

## Dag Vier

1. Begin jou studietyd in gebed en vra God vir insig en wysheid. Lees nou Rigters 2 en skryf "afgodery" in die kantlyn, langs enige verse wat afgodery onder die Israeliete aandui.

2. Watter progressie van gebeure sien jy in Rigters 2:11-19, toe die kinders van Israel begin verkeerd doen het in die oë van die Here en die Baäls begin dien het? Lys dit hieronder.

3. Hoe reageer God in Rigters 2:20-23, en waarom?


© 2011 Precept Ministries International

4. Wat leer jy, uit hierdie hoofstuk, omtrent God?

5. Waarvoor word die nasies, ten opsigte van Israel, gebruik, volgens Rigters 2:20-23?

6. Gebruik nou die 5 W's en H-vrae—wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe?—en skryf neer wat dié twee hoofstukke jou leer met betrekking tot: die *wie* van die tyd, *wat* gebeur, *wanneer* dit gebeur, *waar* dit gebeur en *waarom*. Sluit die geestelike en sedelike omstandighede van die tydvak in—sowel as enige aanduiding van hoe dit gebeur het.

   Skryf jou insigte neer op 'n manier wat vir jou sin maak, sodat jy dit met jou *Voorskrif*-groep kan bespreek. Aan die einde van die les is daar 'n bladsy met die titel Die Historiese Agtergrond van Rigters. Jy kan jou insigte daarop aanteken. Dit hoef nie uitgebrei te wees nie...net die feite!

7. Skryf nou die hooftema of -gebeurtenis van Rigters 1 en 2, in die toepaslike spasies op die Rigters Oorsigwerkblad in die Bylae.

## DAG VYF

1. Vandag is jou opdrag om Rigters 17-20 volledig deur te lees, soos wat 'n mens 'n paar hoofstukke van 'n interessante boek sou lees.

   a. Merk op 'n kenmerkende manier elke verwysing na *In dié dae was daar geen koning in Israel nie* en/of *elkeen het gedoen wat reg was in sy oë*. Hierdie frase word vir die eerste keer in die boek Rigters in 17:6 gebruik en word in geen ander gedeelte van Rigters, behalwe in die laaste hoofstukke van die boek, gevind nie.

© 2011 Precept Ministries International

b. Skryf hieronder neer wat die uitstaande sonde of -sondes is wat in elke hoofstuk genoem word.

Rigters 17 ____________________

Rigters 18 ____________________

Rigters 19 ____________________

Rigters 20 ____________________

Rigters 21 ____________________

2. Hoe help hierdie laaste hoofstukke jou om die Rigterstyd te verstaan?

3. Sien jy enige ooreenkomste met vandag? Indien wel, wat?

4. Indien jy tyd het, raadpleeg gerus enige kommentare oor Rigters 1 en 2. Moenie verder as hoofstuk 2 lees nie, omdat dit die vreugde van selfontdekking sal bederf.

5. Wat is die mees betekenisvolle, persoonlike les wat jy in hierdie eerste studieweek geleer het?


© 2011 Precept Ministries International

# VOORSKRIF
# OP
# VOORSKRIF

***Rigters***

***Les 1: Hoofstuk 1, 2, 17–21***

*Mag ons jou komplimenteer omdat jy wil weet wat God sê en omdat jy jouself dissiplineer om self die waarheid te ontdek, in plaas daarvan om te doen wat reg is in jou oë. Daar lê 'n paar opwindende studieweke vir ons voor. Dit sal jou 'n diep insig gee van die tyd waarin ons leef.*

*Gaan voort—en onthou: jy is 'n geliefde van God.*

© 2011 Precept Ministries International

**Historiese Agtergrond van Rigters**


© 2011 Precept Ministries International